Ps. 116: 1, 5, 7, 9.
Ges. ~~62: ...~~ 3
Ges. 75: 1, 4.

# Daders van die woord!

Matt. 7: 15-29
Jak. 1: 19-27

Potch. 12 Jan. 58
P-Suid 31 Aug. 58
Pta-Oos 19 Apr. 59 A
Mooirivier 23 Aug. 1959.
A/Kop 28 Febr. 1960

Matt. 7:21 - Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.
Jak. 1:22 - En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Vorige Sondag het ons by d. egg. diens baie sterk probeer beklemtoon dat elke ware gelowige 'n hoorder moet wees v.d. Woord, getrou op sy pos in Gods huis. Nu. dis juis net hier waar d. klag & d. spot v.d. wêreld & d. duiwel baiekeer inkom: „dis nou alles goed en wel - om te dank & bely. Mr. wat van die doen en beleef?"

Sonder om ons nou onnodig te steur aan wat d. wêreld of d. duiwel sê, is dit ~~tog~~ dringend noods. dat ons luister na wat God (op dié punt) sê. En wat God sê in sy Wd. is so duidelik, so sonder enige twyfel, dat ons daarna moet luister as ons wil lewe! (2 Tekskeuse)

Hierom let ons v/m. op: I Die opdrag om daders v.d. Wd te word; ~~II Die voorbeeld v. hulle wat daders geword het~~; ~~en~~ II Die uitvoering van hd. opdrag; en III: III Die Toets

I Die opdrag om Daders v.d. Woord te word: Heel a.d. begin van sy prediking stel J.X. dit as dié vereiste vir alle ware godsdiens: dat ons godsdiens bo al is en moet wees diens - diens aan God: Matt. 7:21 - „Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan .... maar hy wat die wil doen ..." D/mee wou Xtus hier geen oomblik afdoen aan die groot waarde van die woord nie: sê nou maar Jesus het nooit gepraat nie, maar net gedoen waar was ons dan vandag? Nee, die woord het sy waarde en plek: dit moet (as Gods Wd) verkondig en beluister word — maar dan net soveel beleef word!

So nie, word alles 'n huigelary en uiterlike vroomdoenery waarmee die hele wêreld spot en waardeur ons ons Here smaad!

Vir J.X. was die saak so belangrik dat hy dit in sy Bergrede hou vir d. laaste! ~~aanraak a.d. einde van sy bergrede~~ dit vorm die klimaks van sy hele boodskap, die hoogtepunt van hd. wonderlike preek. En Hy ~~hou nie~~ laat die gedagte ~~af nie~~ nie los vandat Hy dit ~~nie~~ deurtrek na die dag v.d. oordeel en afloop wys dat die toets vir ons Xtenskap in dd. dag sal wees, nie wat ek gesê het nie, maar wat ek gedoen het! „Elkeen dan wat na hierdie woorde van my luister en dit doen ..."

Laat d. lewes v. gelowiges ons help baie duid. leer en help om die waarheid te verstaan:

- Die oomblik toe God Abel se siel geraak het, het hy begin doen! (offer)
- Die oomblik toe ~~God~~ Moses ~~die~~ Gods stem gehoor het by d. braambos, het hy begin doen!
- Die oomblik toe God vir Dawid se oë open vir d. nood v. Israel het hy Goliath ~~bestorm~~ aangedurf!
- Die oomblik toe Saulus tot bekering kom was die eerste woorde uit sy siel: „Here, wat wil U hê moet ek doen?"

→ 'n Dadelose godsd. is 'n vrugtelose godsdiens!

II Die Uitvoering van hd. Opdrag: Maar ek sou u skandelik bedrieg en mislei uhm as ek u net by I sou laat - asof al wat tel net die feit is dat ons doen. Die feit is dat die daad alleen (nie 'n tydlank altans) baie maklik kan bedrieg. ~~Ons~~ Die vraag is nie net of ons doen nie, mr. wat ons doen: Matt. 7:22: Daarom sê J.X. baie duid.: „hy wat die wil van my Vader doen wat in die hemele is". Dink daaraan: ~~Abel~~ Kain en Abel het altwee geoffer - mr. net Abel se offer is aangeneem;

- Saul en Samuel het altwee by d. altaar gedien mr. God wees daar aan Saul sê: „Gehoorsaamheid is beter as offerande"
- Jona & Paulus is altwee aangesê om sendingwerk te onderneem & altwee het dit gedoen — maar hoe?

Dit tel nie net die feit dat ons doen, die wat ons doen, maar ook: hoe ons doen! Van hd. laaste maal, van ons innerlike gesindheid, van ons verborge motief hang sowel af. Om te doen net om te kan sê dat ek gedoen het, is gevaarlik, is sondig, is verkeerd!

En ook hierin gaan Gods wd. ons voor: leer Xtus ons dat ~~die~~ om d. wil te doen v. onse Vader wat in die hemele is beteken die volgende:

→ 1) Te doen in opregtheid: Dink aan Kain & Abel: Kain ook gedoen, mr. met allerlei bymotiewe in sy hart - allerlei bedekte selfsugtige oogmerke hier iewers wat geen ware, geen suiwere geloof besit het nie - alleen sy werke dood! Wie nie doen in opregthd nie, doen verkeerd! Boom & vrug

→ 2) Te doen in gehoorsaamhd: Dink aan Moses toe hy in eiemag d. Egipt. doodgeslaan het t/o toe hy die volk v Israel uit Egipte uitgelei het in gehoorsd aan God!
- Samuel & Saul

→ Baiekeer is dd. doen net om stil te wees, te wag, te vertrou — dis ook werk!
→ Elia op Horeb — Dissipels voor Pinkster

→ 3) Te doen in dankbaarhd: Dink aan Jona se sendingwerk: hy het ook gedoen, mr. in sy hart was daar geen dankbd vir d. geestel. verligting wat God aan Israel gegee het nie. En omdat d. dankbd ontbreek het, het die daad sy krag verloor!

III. Die Toets van ons lewe: Eers aan die begin en dan meer a.d. einde van Xt. se openbare prediking (Bergrede + Profetiese Rede) beklemtoon Hy die groot waarheid dat die finale + hoogste toets in d. dag v. oordeel sal wees – nie die vr. Was jy lidmaat van d. Kerk? Was jy getrou net in jou Kerkbesoek? – Mr: Was jy lewende lidmaat? Was jy getrou in jou diens aan die Heer van die Kerk?

→ O, hoe ernstig en gedurig het Xtus hierop gewys!

① Bergrede – Teks + Gelykenis van huis op sand v rots

② Gelykenis v talente: versuim om te werk

③ Oordeel oor vyeboom: versuim om te dra!

④ Bruidegom: lampe – maar dood!

⑤ Laaste oordeel: Matt. 25: 34-36 – Die toets: honger – dors – vreemdeling – naak – siek – gevange

En hierdie toets begin nie eers in d. hiernamaals nie – God doen reeds elke dag! Hd. toets begin altyd by my persoonlike voorbeeld + lewe!

Innig dankbr vir almal in gemeente wat [illegible] lig v hd. wil leef en werk. Bewus: persentasie hoër as in baie ander gemeentes. Mr. vir verstaan u as ek sê dat my siel sidder wat alles so gemaaklik hulle in ons gemeente so rustig neem: hoorders, nie daders!

→ Bang + bekeer!

→ Waar bewys? Sondagskoolaanduings, verenigingsbydraes: sal ons Bybellees dit wys? Ons binnekamer, ons bidure, besoek aan gevangenes, aan siekes, aan soekendes? Sal ons bydraes dit bevestig?

Jou roeping is heerlik, hoog heilig jou taak, en weinig die uur – ontwaak dan, ontwaak!

O gemeente van Christus, gaan werk in sy wingerd – Word daders van die woord!